WIE IS ONS?

Ons visie: Table View gemeente: waar elkeen iemand is.

Rigtinggewende teks: “Ek sal jou seën en jou ‘n mens van groot betekenis maak, en jy moet tot ‘n seën wees.” (Genesis 12:2)

Ons droom: Table View gemeente wil ‘n biddende, omhelsende , inklusiewe, liefdesgemeenskap vorm wat ruimte skep vir jonk en oud. ‘n Plek waar almal tot hoopvolheid begelei en toegrus word, sodat elkeen ‘n onselfsugtige, daadkragtige, diensbare getuie sal wees tot eer van God.

Ons waardes

- **Eenvoud**: Ons streef na innerlike vrede, tevredenheid en vergenoegdheid wat uiterlik geleef word.

- **Betekenisvolle verhoudinge**: Ons streef na ‘n betekenisvolle en groeiende verhouding met God en ‘n inklusiewe, omhelsende, nie-veroordelende en verwelkomende verhouding met mekaar en ander.

- **Gestuurdheid**: As God se gestuurdes streef ons daarna om diensbare getuies in ons gemeente en gemeenskap te wees.

- **Egtheid**: Ons streef om ‘n gemeente te wees waar mense hulleself (eg) kan wees; waar ons nie bang is om foute te maak nie en waar daar ruimte is vir verskille.